



Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

27 Julie 2018

PERSVERKLARING (Vir onmiddellike vrystelling)

LITERÊRE WÊRELD TREUR

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns betreur die dood van dr. Tom Gouws, vooraanstaande letterkundige wat in sy huis in Pretoria vermoor is. Dr. Gouws was besig om 'n belangrike bydrae oor die digter Breyten Breytenbach vir 'n publikasie van die Akademie te skryf. Die redakteur van die publikasie, dr. Francis Galloway, het gesê dat hy onderneem het om die bydrae "binne dae" te lewer. Die misdadigers is weg met 'n rekenaar waarop die bydrae waarskynlik geberg is.

Tom Gouws was 'n briljante student aan die destydse PU vir CHO, tans die NWU, waar hy later ook sy eerste akademiese pos in die Departement Afrikaans en Nederlands beklee het, het sy eertydse departementshoof, prof. Jacques van der Elst, gesê. Hy was later ook verbonde aan die Universiteit van Pretoria en die destydse Universiteit van Boputhatswana in Mafeking. Sy oorlye is 'n groot slag vir sy gesin, maar ook die literêre wêreld verloor 'n sleutelfiguur, het prof. Van der Elst namens die Akademie gesê.

Dr. Gouws het nie net naam gemaak as akademikus nie, maar was ook skeppende kunstenaar. Hy het as digter met die bundel *Diaspora* gedebuteer. Nog digbundels het gevolg asook 'n drama. Tom Gouws was 'n meningsvormer in literêre kringe en is benewens digter en dramaturg ook die skrywer van talle akademiese artikels en resensies in wetenskaplike tydskrifte en in koerante. Dr. Gouws het 'n hoofrol gespeel in die ontdekking van jeugdige literêre talent met sy beoordeling van die Akademie se jaarlikse Poortkompetisie vir skoliere en studente.

Prof. Jacques van der Elst
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
jvde@absamail.co.za / akademie@akademie.co.za
Tel. 012 997 2647; 082 880 7636; 086 133 3786